The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

**BEELD SAKE 24** **2016/05/17** **Page: 11**

# Atterbury vestig nuwe groeifonds

Elma Kloppers

Die eiendomsontwikkelaar en -belegger Atterbury Group het 'n nuwe eiendomsgroeifonds gevestig as beleggingsvoertuig vir bestaande en toekomstige bates in Suid-Afrika, Namibië en Mauritius.

Die Atterbury Property Fund begin as 'n geslote ongenoteerde fonds met aanvanklike bates van R3,1 miljard. Atterbury Property Holdings, waarin Rand Merchant Bank Holdings besig is om 'n 25,01%-belang te koop, gaan 80% van die aandele in die groeifonds hou en Atterbury se personeel die oorblywende 20%.

Dié fonds se aanvanklike eiendomsbates gaan insluit 'n belang van 10% in die nuwe Mall of Africa in Waterfall, Midrand, 'n 15%-belang in die Bagatelle Mall of Mauritius, 'n 25%-belang in The Grove Mall of Namibia in Windhoek, die Riverwalk-kantoorpark in Pretoria en KPMG se Hillside-kantore in Lynnwood, Pretoria. Atterbury het ontwikkelings van R2 miljard in die vooruitsig, wat teen voltooiing ook in die Atterbury Property Fund gehuisves sal word.

Wouter de Vos, uitvoerende hoof van die fonds, sê die Atterbury Property Fund sal die bates op gunstige voorwaardes van Atterbury verkry in ruil vir finansiële steun tydens die ontwikkelingsfase. "Dit kan uitstaande finansiële opbrengste vir aandeelhouers tot gevolg hê."

Onder die toekomstige ontwikkelings tel die 18 000 $m^2$-uitbreiding van The Club, 'n ontwikkeling vir gemengde gebruik oorkant die Pretoria Country Club, waar bouwerk na verwagting vroeg volgende jaar gaan begin. Dan is daar ook 'n R850 miljoen-nywerheidspark, wat op 'n prima perseel in Gosforth Park, Germiston, ontwikkel gaan word.

Die fonds het 'n langtermynbenadering, wat beteken dat aandeelhouers nie vir die eerste paar jaar uitkerings gaan ontvang nie.

Louis van der Watt, uitvoerende hoof van Atterbury Group, sê die nuwe fonds gaan Atterbury vol vertroue die toekoms in neem. "Ons is opgewonde oor die volgende fase op ons reis vorentoe."

Atterbury, met 22 jaar op sy kerfstok, is bekend vir die vestiging van eiendomsfondse. Die genoteerde Attacq kom uit die Atterbury-stal en so ook die voormalige Attfund, wat in 2011 aan Hyprop verkoop is.